

APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

Posbus 910-631, Pyramid, 0120 Hoewe 5, Roete 101, Waterval Selnommer: 084 952 2882



NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING VAN APIESRIVIER LANDELIKE BBV WAT OP 15 AUGUSTUS 2015 OM 14:00 GEHOU IS TE RIVIERFRONT, VASTFONTEIN.

1. OPENING EN VERWELKOMING

Jan-Piet Cooks, wat waarneem as voorsitter, heet almal welkom waarna Peet Dorfling open met gebed. Voorsitter versoek dat almal die presensielys voltooi.

Die Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging is 10 jaar oud en Tarien Cooks gee 'n oorsig oor die afgelope 10 jaar.

2. TEENWOORDIG

Soos per presensielys.

3. VERSKONINGS

Murray Phatudi
Jaco Swanepoel
Kobus du Toit
Christo Ayres
Frans von Below
Paddy de Vries
Janine de Ridder
Miemie Bezuidenhout
Daniël Stokes

4. LIEF EN LEED

Geboortes:

- Peet en Ans Dorfling (O16) het kleindogter ryker geword.
- Christo en Rika Ayres (O20) Ayres het 'n kleindogter ryker geword.

Siekte:

- Tarien Cooks (C1) het 'n skouer operasie gehad.
- Oom Henk Koops (O17) was in ICU.
- Sampie Verster (O12) se kleinkind was in 'n ernstige motorongeluk.
- Pieter de Beer (O35) was in die hospitaal
- Ds Smal (O33) was in die hospitaal.
- Pieter en Annatjie Swart (O4) se dogter het 'n skouer operasie gehad.
- Clive Walters (O69) het 'n rug-operasie gehad.
- JP Botha (S1VE) het 'n operasie gehad.
- Cobus (A2) en Karen (A3) Kramer se moeder was in die hospitaal.

Sterftes:

- Tarien Cooks (C1) se vader is oorlede.
- Andre Wilken (O77) se dogter is oorlede.
- Jannie de Jager (O27) se moeder is oorlede.
- Ronnie Bean (D59) se vrou is oorlede.
- Johan van Aardt (O7) is oorlede.
- Henk Koops (O17) is oorlede.
- Vinesh & Nerita Bhana (O94) se seuntjie is oorlede.
- Willem Robinson (Jnr) se kind is oorlede.

Ons dink aan die lede tydens hulle tyd van beproewing.

5. GOEDKEURING VAN NOTULE SOOS OP 21 JUNIE 2014

Die notule van 21 Junie 2014 word voorgehou aan die lede teenwoordig. Dit word as gelese beskou deur die lede teenwoordig. Cobus Kramer keur die notule goed en Pieter Oosthuizen en Chris Breedt sekondeer die goedkeuring.

6. VASSTELLING VAN AGENDA

Die agenda word vasgestel en die volgende punte word bygevoeg:

6.1 Nuwe sake

- 6.1.1 Verandering van Ouditeure
- 6.1.2 Sosialisering
- 6.1.3 Operasionele vergadering
- 6.1.4 Stemming vir ampte
- 6.1.5 AfriForum

7. SAKE VOORTSPRUITEND

7.1 Voorsittersverslag (Peet Dorfling)

7.1.1 **Naam van vereniging:**

Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging

7.1.2 **Datum van stigting:**

18 unie 2005

7.1.3 **Datum van registrasie en registrasienommer:**

27 Maart 2006
Reg. No – 1743/01

7.1.4 **Grootte van gebied:**

68000 ha

7.1.5 **Grense:**

Noord: Net voor Hammanskraal en Boekenhoutskloof grondpad
Suid: Op die Magaliesberg
Oos: N1 Snelweg en Wallmansthalgrondpad
Wes: Mabopane snelweg

7.1.6 **Die bestuur bestaan tans uit die volgende lede:**

Uitvoerende Komitee:

Waarnemende Voorsitter (Alpha 1):	Jan-Piet Cooks
Onder Voorsitter (Alpha 2):	Cobus Kramer
Sekretaresse (Alpha 3):	Karen Kramer
Tesourier (Alpha 4):	Joey Gerber
Addisionele lid (Alpha 5):	Eugene J v Rensburg
Brand Beskermings Offisier:	Japie Lengoabala

Breë Bestuur:

Gekoöpteer Brandhoof	(Bravo 1):	Chris Breedt
Gekoöpteer Noodhulphoof	(Bravo 2):	Janine de Ridder
Logistiekehoof	(Bravo 3):	George Esterhuyse
Gekoöpteer Kommunikasiehoof	(Bravo 4):	Pieter Oosthuizen
Administrasie en Koördinering:	(Charlie 1):	Tarien Cooks
	(Charlie 2):	Marius Müller

7.2 Tshwane Stadsraad se bydrae:

7.2.1 Toerusting

1x 1000L waterkarretjies
4x 500L waterkarretjies
2x Jerry kanne (20L) vir addisionele brandstof vir enjins

7.2.2 Opsommend

Goeie samewerking tussen die BBV en Tshwane Brandweer se operasionele afdeling.

Tshwane Munisipaliteit het die twee 1 ton bakkies en een brandkarretjie terug geneem en afgeskryf. Toestemming moet vanaf MMC (Municipal Mayoral Committee) verkry word dat die voertuie aan die BBV's geskenk of verkoop kan word. Geen terugvoering is egter ontvang nie. Geen brandstof word ontvang van Tshwane Munisipaliteit nie. Diens van toerusting word self deur die BBV gedoen.

7.3 Hooftepunte:

7.3.1 Opsommend:

Toerusting is deur die gebied versprei, op grond van lede digtheid in 'n area. Brandbestryding en koördinerings is goed. Gereedheid, bewustheid & samewerking van lede rondom veldbrande is goed. Daar is goeie kommunikasie met Tshwane Munisipale brandweerdienst. Brandpermitte is met sukses uitgereik en daar is meer beheer oor brande. Lede en nie-lede word op 'n gereelde grondslag in kennis gestel van die BGI (Brand Gevaar Indeks)

7.4 Uitdagings:

7.4.1 Opsommend:

Publiek is traag om brand gereed te wees (Byvoorbeeld: voorbrande, brandpermitte en lidmaatskap). Grootter bewusmakingsveldtog rondom veldbrande moet gedoen word. Vastfontein beplan om groot borde op te rig. Publieke inligting rondom veldbrande gaan stadig. Alle brande word nie deur die publiek aangemeld nie. Publiek verwag van die BBV om brande te blus. Geen wetstoepassing deur Metro Polisie, SAPD en Brandweer gedoen nie. Geen ongevalle- of regsdekking vir lede, geen vergoeding vir lede wat brande blus nie. Lede wat brande blus doen dit met eie voertuie en brandstof. Tshwane Munisipaliteit het nie genoeg voertuie om die metro te bedien nie, wag lank vir reaksie. Publiek en lede verwag van Bestuur om brande te blus.

7.5 Finansies (Joey Gerber)

7.5.1 Finansiëlestate 1 April 2014– 31 Maart 2015

Inkomste:	R101 081.00
Uitgawes:	R137 623.00
Verlies :	R36 542.00

Die state vertoon 'n verlies aangesien die uitstaande ledegeld in die verlede getoon is as verskuldig en kon nie ingevorder nie en moes afgeskryf word.

7.5.2 Begroting 2016/2017

Voorsitter bespreek die begroting vir die volgende finansiële jaar.

Inkomste:	R49 099-20
Uitgawes:	R68 607-40
Tekort:	R19 508-20

Indien twee groot Staatsgrond soos byvoorbeeld die weermag kan aansluit as lede, kan die tekort uitgewis word.

7.5.3 Aantal betaalde lede:

2013	137
2014	158
2015	134

7.5.4 Ledegeld:

0 – 50ha	=	R270-00 per jaar
50ha >	=	R22-50 / ha / jaar
Eenmalige admin fooi = R50-00		

Voorstel is dat dit verhoog na R300-00 per jaar per hoewe tot en met 50ha. Indien plote aangrensend is, word die hektare bymekaar getel en dan is die per hektaar ledegeld van toepassing. Die voorstel en verhoging word goedgekeur. 50ha - R25-00 / ha / jaar. Indien lede voor 1 April betaal, word daar 50% korting gegee. Die finansiële state word deur die vergadering goedgekeur.

7.5.5 Noodfonds

Die Apiesrivier BBV beskik nie oor die fondse om 'n noodfonds te stig of onderhou nie. Alle persone gaan uit op eie risiko.

7.5.6 BAD

Lede kan toestemming kry by hulle werkgewers om enige beserings te kan eis as 'n BAD, en dit is ter alle tye van toepassing en nie net indien beserings tydens werksure plaasvind nie. Nodige dokumente is by Tarien Cooks beskikbaar.

7.5.7 Goedkeuring:

Die finansiële state en begroting word goedgekeur deur die vergadering.

7.6 Logistiek / Toerusting (George Esterhuizen)

7.6.1 Logistiek

Lede wat toerusting van die BBV gebruik moet met George Esterhuizen of die BBV-Foon skakel om reëlings te tref. Brandkarretjies **MAG NIE** sonder die wete van die bestuur geskuif word nie. Slegs lede van die BBV het toegang tot die gebruik van toerusting.

7.6.2 Rapporteer van gebreke:

Enige skade of gebreke aan die toerusting moet aan George Esterhuizen gerapporteer word, wat dit sal boekstaaf en sal reël dat die toerusting herstel word.

7.6.3 Uitplasing van toerusting

BBV 1	Bakkiesakkie	Duikerstraat, Waterval
BBV 2	Bakkiesakkie	Waterbokstraat, Waterval
BBV 3	Bakkiesakkie	Hamerkop, HNK
BBV 4	500lt Karretjie	Tambotie, Grootvlei
BBV 5	1000lt Karretjie	Denneboom, Vastfontein
BBV 6	500lt Karretjie	Bultfonteinpad, Vastfontein
BBV 7	Bakkiesakkie	Hotellaan, Lusthof
BBV 8	500lt Karretjie	Njalastraat, Waterval
BBV 9	500lt Karretjie	Skoolpad, Lusthof
BBV 10	1000lt Karretjie	Stadsraad afgeskryf
BBV 11	1000lt Karretjie	Stadsraad afgeskryf
BBV 12	500lt Karretjie	Jakaranda, Grootvlei (Kromdraai)
BBV 13	500lt Karretjie	Olyfboom, Vastfontein (Tydelik)
BBV 14	1000lt Karretjie	Dikbas, Grootvlei
BBV 15	500lt Karretjie	Haakdoornboom

7.6.4 Bedford

Is aangekoop teen R10 000.00 en toegerus met 2 x 1000lt tenks en pomp wat van die enjin aangedryf word. Daar is heelwat werk aan die voertuig. Voertuig is tans by Arno Stadler wat besig is met die gratis herstel.

Daar is egter 'n groot behoefte aan 'n bakkie.

7.7 Kommunikasie: (Pieter Oosthuizen)

7.7.1 Roepseine

Baie welkom aan al die nuwe stasies.

Totaal van 193 roepseine.

5 x Alpha Stasies	-	Bestuur
4 x Bravo Stasies	-	Breë Bestuur
2 x Charlie Stasies	-	Admin & Koördinerings
110 x Oscar Stasies	-	Lede
72 x Delta Stasies	-	Lede

Van 193 stasies is 93 se ledegeld uitstaande ± R25 110

Van 193 Stasies is daar 81 stasies onaktief

Reël van BBV is as jy roepsein het, moet jy 'n betaalde lid wees. Onaktiewe stasies het kans tot en met einde Oktober 2015 om weer betrokke te raak, anders sal die roepsein verbeur word.

Roepseine wat nog nie ledegelde betaal het nie, het kans tot einde September 2015 om te betaal (afsnij datum van ledegeld was einde Junie 2015). Vanaf 1 Oktober 2015 sal "nie betaalde" stasies nie meer geroep word nie en teen einde Oktober 2015 word die roepsein verbeur. Stasies wat dit nie kan bekostig nie moet met Pieter Oosthuizen (B4VK) in verbinding tree om sodoende reëlins te tref.

'n Roepsein word aan 'n perseel toegeken waar die perseel/eiendom dan lid is. Wanneer 'n eienaar van 'n grond wat 'n BBV-lid is, 'n tweede huis op die eiendom verhuur is dit nie nodig om ook ledegeld te betaal nie.

Gee almal in huishouding kans om radio toetse te doen sodat almal bekend is met radio prosedure. Tydens 'n noodgeval hou die kanaal oop en praat slegs sou jy inligting het wat ter sake met aangeleentheid hou of as daar gevra word om te herlei.

Die radio's is nie daar om opmerkings en kommentaar oor ander stasies te gee nie en geen vuil-taai of rasse opmerkings word geduld nie. Radio stilte is vanaf 21:00 – 06:00 Gebruik slegs radio vir NOOD. Sou iemand roep om hulp en jy hoor niemand antwoord die persoon nie, antwoord die persoon en moenie wag vir bestuur om die persoon te help nie. Sou jy die radio gebruik dui aan met roep wat die rede is van jou roep byvoorbeeld, nood, radiotoets, brand. Baie belangrik is jou roepsein en agtervoegsel.

Kode R word telefonies, sms, whatsapp of per e-pos gedoen aan stasies wat help met toetse, kode "R" tree in as 'n stasie vir meer as 3 dae nie sal inkom nie. Bêre radio's in veilige bewaring sou jy nie tuis wees nie.

Enige radio navrae kan by, Pieter Oosthuizen (B4VK) (082 878 9392) gedoen word.

7.8 **Struktuur** (Tarien Cooks)

7.8.1 **Operasionele plan**

Die operasionele plan is volgens die besigheidsplan opgestel. Die BBV is meer aangewese op homself.

7.8.2 **Koördinerings van brande**

Meer nie-lede raak betrokke om brande te blus. Tydens die blus van brande moet daar dissipline en beheer wees. Die landelike areas val in Tshwane Metro se D-sone wat die reaksietyd minimum 27 minute tot op die toneel is. Die brandweer se waterpomper en watertanker kan nie die pad verlaat nie, met ander woorde kan nie brande in die veld blus nie. Hulle voorsien water aan grasbrand voertuie. Slegs die brandweer se Land Cruisers kan in die veld beweeg. Wanneer die brandweer op toneel kom, neem die brandweer bevel en verantwoordelikheid oor. Moenie die brandweer se werk probeer doen nie, wag tot hulle jou taak. Maak seker dat julle persele toeganklik is vir brandvoertuie. Maak seker bome is gesny. Hekke moet groot genoeg wees vir brandvoertuie om in te kom.

Indien daar komplimente of klagtes oor die brandweer of sy personeel is, moet dit opskrif aan die Bestuur gestuur word. Die voertuig se registrasienommer en vlootnommer moet gemeld word.

7.8.3 **Prosedure in geval van brand**

- Brand ontstaan.
- Rapporteer brand aan BBV noodnommer: 084 952 2882
- Brandweer word in kennis stel deur BBV.
- Indien BBV-lede beskikbaar is om te help, word daar gevra of hulle kan gaan help.
- Geaktiveerde partye se aksies by brand word deur 1 persoon gekoördineer.
- Partye gaan brandlyn na en maak seker alle vure is dood.
- Stel die koördineerders in kennis dat brand geblus is. Brandfoon nr: 084 952 2882

7.9 **Opleiding** (Tarien Cooks)

2014/2015

Geen noodhulpopleiding is gedoen nie.
Veldbrandopleiding is gedoen.

7.10 **Lidmaatskap:**

Opdatering van kontak inligting

Lede word versoek om hulle inligting op te dateer indien dit verander het. Maak seker die selnommer wat op die ledelys, korrek is.

7.11 **Brande** (Chris Breedts)

7.11.1 **Brande van 1 April 2013 – 31 Maart 2015**

Veldbrande: 1 April 2013 – 31 Maart 2014 = 358
1 April 2014 – 31 Maart 2015 = 253
Ander brande: 2014 2x Huise wat gebrand het in Grootvlei
1x Kamer wat in 'n huis gebrand het.

7.11.2 **Brandpermitte**

Daar moet vir enige beheerde brand aansoek doen word vir 'n brandpermit.

7.11.2 Voorbrande

Brandstrokke moet 2.5m wyd wees. Lede het toegang tot brandtoerusting om voorbrande te brand mits die brandpermit goedgekeur is. Bestuur is onder geen verpligting om voorbrande vir 'n lid te brand nie.

7.12 Noodhulp

7.12.1 Aanmelding van beserings

Alle beserings moet aangemeld word by Janine de Ridder (B2) maak nie saak hoe gering nie. Geen beserings het tot dusver plaasgevind nie. Noodhuptoerusting is in orde.

7.13 Ander sake

7.13.1 Artikel 21 / Trust

Daar word gekyk na die stigting van 'n Trust. Die vergadering word gevra vir toestemming dat die Bestuur kan besluit wat die beste sal wees. Vergadering voel dat die BBV 'n eie trust stig. Toerusting sal dan aan die trust geskenk word. BBV bly egter in beheer van en verantwoordelik vir die toerusting.

8. NUWE SAKE

8.1 Verandering van Ouditeure

Die BBV het vanaf Tax Fundi na Botha rekenmeesters verander.

8.2 Wysiging van die grondwet (Eugene J van Rensburg)

Lidmaatskap

Enige persoon, instansie, Vereeniging of regsentiteit wat buite die geregistreerde gebied van die Vereeniging woonagtig is en/of 'n grondeienaar s, kan as 'n geaffilieerde lid aansluit by die Vereeniging op voorwaarde dat sodanige lid en/of lede onderhewig is aan die Grondwet, Reëls en Regulasies sowel as die Dissiplinêre Prosedure van die Vereeniging.

Stemreg

Geaffilieerde lede sal in so verre dit 'n instansie, Vereeniging en/of 'n regsliggaam is, slegs een stem behou as verteenwoordigend vir alle lede van sodanige geaffilieerde lid as instansie, Vereniging of regsentiteit.

Dit word deur die vergadering aanvaar en goedgekeur.

8.3 Sosialisering (Pieter Oosthuizen)

Pieter Oosthuizen voel dat lede mekaar beter moet leer ken. Daar moet minstens 3 informele funksies gehou word. Jongmense moet ook betrek word. Vergadering keur goed dat 'n portefeulje geskep word.

8.4 Operasionele Vergadering (Jan Piet Cooks)

Voorsitter stelvoor dat 'n operasionele vergadering gehou word om mense in te lig oor hoe situasie hanteer behoort te word. Vergadering sal belê word vroeg in volgende jaar. Marius Müller stelvoor dat opleiding sal ook per wyk gedoen word, Peet Dorfling sekondeer.

8.5 BBV Rekening (Joey Gerber)

Alle brande moet geblus word, met of sonder die toestemming van die perseel se eienaar. Rekening van R1 000.00 gaan uitgestuur word indien 'n brand geblus moet word by nie-lede. Lede mag nie roekeloos wees nie, en indien growwe nalatigheid bewys kan word, sal so lid ook 'n rekening ontvang.

8.6 Stemming vir die volgende ampte

Gekoöpteerde lede word goedgekeur en is bevestig:

Voorsitter	-	Jan Piet Cooks
Brand Hoof	-	Chris Breedt
Noodhulphoof	-	Janine de Ridder
Kommunikasie	-	Pieter Oosthuizen
Assistent Koördineerder	-	Marius Müller

9 VOLGENDE VERGADERING:

Voorgestelde datum vir die volgende Algemene Jaarvergadering is 6 Mei 2016.

10 AFSLUITING:

Die Voorsitter bedank almal teenwoordig en nooi almal vir verversings na die vergadering.

Voorsitter: _____

Datum: _____